# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30**

## In Christus word ons geloofswerke sigbaar in die liefdesywer deur volharding in die hoop

**Skriflesing:**
1 Tessalonisense 1:1-10
Handelinge 17:1-14

**Teksvers**:
1 Tessalonisense 1:3

**Sing**:
Ps 105:2, 5
Ps 119:13, 15
Ps 73:10, 12
Ps 146:2, 3, 8
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Kort nadat Paulus en Barnabas terug gekeer het van Jerusalem oor die vraagstuk van die besnydenis by die heidene, besluit hulle om op 'n tweede sendingreis te gaan en die nuwe gelowiges te ondersteun. Silas gaan saam met Paulus en hulle besoek weer die gemeentes in Listre, Ikonium en Derbe waar hulle Timoteus vind en saam neem.

Deur die Heilige Gees word hulle gewys om na Europa te gaan. In Filippi word die eerste gemeente in Europa gestig, waarna hulle verder reis tot in Thessalonika. Na drie weke moet hulle inderhaas vlug, en kort daarna skryf Paulus hierdie brief waarin die drie sake sommer uit die staanspoor genoem word oor die

1. werk van hulle geloof
2. inspanning van hulle liefde
3. volharding van hulle hoop in Christus

**S O N D A G A A N D 18:00**

## God wat alles voorsien, moet aanbid word

**Skriflesing:**
Psalm 39; Rom 8:37

**Teksvers:**
Psalm 39:10

**HK** Sondag 10

**Sing**:
Ps 31:1,3,4,12,17
Ps 43:3
Sb 2-2:1
Ps 95:1,2,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die Vader van Jesus Christus is ook ons Vader! (Sond 9) 'n Vader wat sorg. 'n Almagtige God wat omvattend sorg. Soveelso dat ons weet dat alles uit sy Vaderhand na ons toe kom.

Daar is niks wat sy oog sal mis en waar sy hand nie kan bykom nie. Daarom laat Hy geen plek vir dinge soos toeval of noodlot of blote geluk nie - die afgode van die wêreld wat nie van die heerlike voorsienigheid van die Vader weet nie. Hulle dink nog hulle lot is in hul eie hande.

Wie egter onder die besef en indruk kom van *die almagtige en alomteenwoordige krag* van God (Sond 10), kom selfs in die teenspoede van die lewe en buig in aanbidding van die Vader van ons Here Jesus, wat so omvattend vir ons sorg!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 27 22 Augustus 2021**


## Arbeid van Liefde

Die verskillende maniere waarop die terme Geloof en Hoop en Liefde gebruik word in die Nuwe Testament, laat 'n mens telkens verwonderd. In 1 Tessalonisense 1 word die Grieks vertaal met *arbeid van liefde*, die ander van *inspanning*. In die 2020 vertaling staan daar die *moeitevolle inspanning van liefde*...

Liefde is immers baie meer as 'n gevoel. Dit is 'n daad. 'n Mens bewys liefde deur jou optrede. En hierdie optrede is baie kere met moeitevolle inspanning. Liefde sou ons kan sê is harde werk. Dit is tog juis die gewilligheid van jou vriend of vriendin se uiterste moeite wat hulle so kosbaar maak. Dit is jou pa en ma se ongekende inspanning om jou laste te help dra waarmee hulle liefde aan jou bekend word. Dit is die verpleegster wat met soveel ekstra moeite nog 'n keer opdaag en help versorg, wat haar liefde bewys. Die dokter wat uit die pad gaan om iemand se lewe te red of verbeter. Die vreemdeling wat langs die pad sonder vrae help en hand bysit.

Elke dag is daar mense wat met moeitevolle inspanning hulle liefde uitleef, sonder dat dit waardeer word of altyd gesien word. Ten minste nie deur mense nie. Maar dit is juis wat God raaksien. Die gewilligheid wat ons het om met liefdesinspanning ander mense te help... Dit is daardie inspanning van ons liefde wat so groot beloning inhou vir elkeen wat dit bewys.

Dit is juis deur die uitleef van die liefde en die inspanning van ons lewe wat die wêreld anders en beter maak. Die feit dat daar iemand is wat jy weet jy kan bel wat geen moeite sal ontsien om jou te help nie, bring baie vertroosting en berusting... Die feit dat daar iemand is wat met moeitevolle inspanning dit geen moeite ag om die liefde van Christus uit te leef nie, maak jou lewe beter.

Paulus moes inderhaas in die nag uit Thessalonika vlug vir sy lewe. Hy was maar skaars drie weke daar. Dan stuur hy vir Timotheus, 'n jong man wat hy kort te vore ontmoet het, terug om die nuutbekeerde gelowiges te ondersteun.

Hierdie mense het skaars 'n evangelis vir drie weke gehad, toe daar met geweld teen hulle opgetree word en hulle gedreig word om nie hulle geloof in Christus uit te leef nie. Hulle het geen moeite ontsien om hierdie splinternuwe geloof in Christus te omhels en self daardie liefde uit te leef nie!

Mag die Here gee dat ons liefde ook so geken word. Dat ons liefde 'n werk sal wees. Dat ons sal arbei in liefde. Dit is daardie liefde van Christus wat ons dring...

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Gereformeerde Kerk Centurion — Groei na Christus — Meer as oorwinnaars!

Die volgende eredienste word uitgesaai op tye soos aangedui.

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30

Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



# *VERJAARSDAE*

### *BELYDENDE LIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22-Aug | Gustav | Hoffmann | A02 | 27832004067 |
| | Pieter | Pretorius | C08 | 27716002708 |
| 23-Aug | Eugene | Oosthuizen | A16 | 27825525607 |
| | Frikkie | Pelser | A05 | 27827808756 |
| | GJ | Pretorius | A01 | 27728628738 |
| 24-Aug | Reg | Horak | B12 | 27842510685 |
| | Emmie | vd Zee | B07 | 27725934316 |
| | Louis | van Staden | A15 | 27829407111 |
| | Phillipa | Weyer | A11 | 27832320337 |
| 25-Aug | Petrus | Gildenhuys | C13 | 27827884169 |
| | Lenie | Myburgh | B11 | 27822293993 |
| | Lizette | Reinecke | A12 | 27834475822 |
| 26-Aug | Cecilia | Coetzee | C08 | 27829273146 |
| | Johan | Reinecke | B11 | 27788938903 |
| 27-Aug | Quintin | Wait | A13 | 27834581779 |
| 28-Aug | Elke | Nel | B18 | 27824176286 |
| | Elmarie | vd Walt | C03 | 27826501953 |

### *DOOPLIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22-Aug | Ruben | Smidt | C09 | 27825667633 |
| 23-Aug | Christiaan | Jacobs | B14 | 27833567597 |
| 24-Aug | Pieter | Mulder | C12 | 27829680474 |
| 25-Aug | Melindi | Venter | B17 | 27728007454 |
| 26-Aug | Daniel | Kruger | A09 | 27820811030 |
| | Emma | vd Berg | A12 | 27799296118 |
| 27-Aug | John | Potgieter | B19 | 27827722615 |

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui. Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om **BY DIE AANGEDUIDE WYKE EN TYE, TE HOU.**

Oggenddienste is om 08:00 en 09:30 en aanddiens om 18:00. Die Engelse erediens vind plaas om 11:00, u is welkom om dit by te woon.

Ons versoek dat lidmate bo 60 en hoë risikogevalle baie versigtig moet wees en eerder hul eie veiligheid in ag moet neem.

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf deur maskers te dra en nie af te haal tydens die diens nie, en deur hande te saniteer.

| **22-Aug** | | |
|---|---|---|
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A01-A03 | A04 tot A05 | A06 tot A08 |
| B01 tot B04 | B05 tot B08 | B09 tot B11 |
| C01 tot C03 | C04 tot C05 | C06 tot C07 |

| **29-Aug** | | |
|---|---|---|
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A09 tot A10 | A11 tot A12 | A13 tot A16 |
| B12 tot B15 | B16 tot B18 | B19 |
| C08 tot C09 | C10 tot C12 | C13 tot C15 |

**Centurion Christelike Laerskool** beskik oor 'n Intersenfase-onderwyspos. Volledige CV's saam met kwalifikasies en ten minste twee onlangse verwysings kan gestuur word aan: skool@lscenturion.co.za. Sluitingsdatum 27 Aug

# Laerskoolkinders



Paul preached the Good News in Jerusalem and in many other cities around the Roman World, and many people became followers of Jesus.



## *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Willy Bakker sterk tuis aan na 'n prosedure (A6—007 1972).
- Wynand Loots sterk aan in Unitas hospitaal met vog op die longe (A8—084 471 7525).
- Tia Grünenfelder sterk tuis aan na 'n operasie (C15—071 491 0797).
- Jan Heystek herstel met kanker na operasie (A10—082 337 0081).
- Marietjie Venter sterk nog aan in Eldoraigne Aftree-oordversorging (A6—084 208 4286).
- Annatjie Celliers sterk tuis aan na sy verlede week geval het (A14—660 0952).
- Hennie Lee in Pta Oos vir chemo, en rugmurg oorplanting (A9—072 536 4525).
- Christo Smit het toetse ondergaan (C3—082 460 8432).
- Marie vd Walt sterk aan na 'n operasie (C3—664 8284).
- Toy vd Berg het 'n draai in die hospitaal gemaak (C2—997 0148).
- Meelewing word betuig met:
  - Dawid en Elma Faber en familie na die afsterwe en begrafnis van emeritus ds Ben van der Walt, Elma se vader.
  - Gerrie Smit en familie na die dood van sy broer.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Jeugsorg

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teologiese studentekas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Bekostigbare hoender, kouevleise, groente, neute, sade en vele meer**! Besoek gerus ons webwerf www.dekarmenaadjie.co.za of Annlia 083 324 1893 of Elzette 083 690 2364.

**Tuinman Steven soek werk** in Lyttelton/Kloofsig omgewing vir Woensdae en elke 2'e Donderdag. Baie betroubaar. Hein Kaiser by 082 7727 718.

**Twee slaapkamer chalet by Dikhololo** (Impalakamp, slaap 4 volwassenes en 2 kinders) vir week vanaf 24 Sep tot 1 Okt vir R6000. Hannie vd Bergh 082 780 3653

## Kerkkantoor-ure

Die kerkkantoor word beman op: Dinsdae, Donderdae en Vrydae tussen 09:00 en 11:00.

Indien u die kantoor dringend benodig vir administratiewe doeleindes, buiten die bg dae/tye, skakel Ellouis (Ma-Vry tussen 09:00-14:00) by:

**060 696 7373**

## Die Skep-Hoop-Fonds


Die Skep Hoop Fonds is aan die begin van Covid pandemie geskep om uitsluitlik mense in ons gemeente by te staan wat as gevolg van die pandemie finansiële nood het.

Sedert die fonds geskep is, is 'n bedrag van R614,584 ontvang waarvan R398,596 reeds uitbetaal is aan gemeentelede in nood.

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 92 77324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608



## GTA STAPTOER
## 23-26 SEPT 2021

**Alle Tieners**: Kom stap saam die Fanie Botha in Graskop/Sabie op 23-26 September en beleef die skoonheid van God se skepping.

**Koste R300** pp vir 4 dae. Beperkte plekke.

Kontak asb ds Lourens by 082 5292 330



# *Katkisasie*

Tans gaan ons nog nie weer by die kerk Laerskool katkisasie hou nie, ons sal laat weet sodra dit moontlik is. Hoërskoolklasse is Sondae om 16:30.


Die onderwysers is egter weer gereed om te help, op Google Classroom of WhatsApp. Kontak gerus vir Pieter van der Dussen (082 416 7188/vddussenpieter@gmail.com) vir meer inligting.

Die rooster vir die res van die jaar is as volg, probeer asseblief hierby hou. Ondersteun julle kinders met die werk.

- 22 Aug: Les 16
- 29 Aug: Les 17
- 5 Sep: Les 18
- 12 Sep: Les 19
- 19 Sep: Les 20
- 10 Okt: Les 21
- 17 Okt: Les 22
- 24 Okt: Les 23
- 31 Okt: Les 24
- 7 Nov: Les 25
- 14 Nov: Katkisasieafsluiting in die kerk

**Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser**

## Gereformeerde Senior Aksie



Maandag, **6 September 2021**

om **10:00**

in die **Kerksaal**

Die sanger Chris Coetzer lui vir ons die lente in op 'n vrolike manier! Chris het ook CD's beskikbaar @ R100

Hy word geborg deur AVBOB en hulle gaan ook 'n praatjie lewer.

Met die lente in die lug is ons weer lus om saam te kuier!

**Almal wat belangstel is hartlik welkom!**

## K e r k k a m p

**8-10 Oktober,**

Udolpho Rivierplaas, Parys
(www.udolpho.co.za)

Tariewe is soos volg:

- Kampstaanplek: R380pn vir 5 persone
- 5 Bed chalets R800pn
- 4 Bed chalets R640pn

Belangstellendes kontak

PW Groenewald 082 899 0342

.

*Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek.*
*Hebreërs 11:6*